strengthened in many ways. Financial regulation of banks and financial markets now applies sophisticated risk management techniques rather than minimum prudential requirements based on balance-sheet aggregates. Sound and good competition amongst relatively free participants establishes well-founded market prices for most financial services, including interest rates.

With the lifting of sanctions and the normalisation of South Africa's international financial relations, the way is being opened for some liberalisation of the foreign exchange market. This should indeed become an important element of the next step in the evolutionary process of making South Africa more competitive in the international markets, and also enabling the financial sector to play a greater role in the expanding of relations in the Southern African community.

The daunting question for monetary policy is, however, whether the financial resources required for the economic development programme can be generated without disruption of the monetary equilibrium now coming within our reach, that is after all the strenuous efforts of the past few years. The South African Reserve Bank believes that it will not be possible to achieve a higher level of economic growth on a sustainable basis, to increase domestic saving, to apply the necessary disciplines to both private and public sector consumer expenditure, to attract foreign capital and indeed to ensure a smooth transition to a new fully democratic South African society, unless overall financial stability will be maintained within the country.

The Reserve Bank's efforts to pursue a stable financial environment is often opposed from many sides within the South African community. There is, however, no gain without pain and in carrying a very heavy burden in this regard, monetary policy is often accused of being over-restrictive and unsympathetic to the many legitimate needs of the country. It is, however, precisely because of these needs that monetary policy must continue to be on the guard against financial profusion. The financing gap which is so clearly illustrated by the macro-economic data presented here today, calls for financial prudence, and not for extravagance.

I have noted with interest that the European Community has provided an amount of Ecu 6.2 million for a voters education programme in South Africa. Has the time not come also for a financial and technical contribution towards a similar programme for the enhancement of economic literacy in the country? For without a better understanding of the limits and constraints of macro-economic potentials, the disappointment of unrealistic economic expectations could easily become the most important threat to the survival of the new democracy in South Africa.

# Kwartaallikse ekonomiese oorsig

## Inleiding

Ekonomiese ontwikkelings in die eerste nege maande van 1993 en veral in die derde kwartaal van die jaar dui daarop dat die uitgerekte resessie van 1989-93 in die Suid-Afrikaanse ekonomie uitvlak en dat die ekonomie stadigaan besig is om te herstel. Die jaarkoers van verandering in die reële bruto binnelandse produk het nie net van negatiewe na positiewe vlakke verander nie, maar het ook versnel van 'n steeds lae 1½ persent in die eerste kwartaal van 1993 tot 'n baie hoë 8 persent in die derde kwartaal. Nadat die reële bruto binnelandse produk vir drie opeenvolgende kalenderjare gedaal het, bestaan die moontlikheid dus dat 'n klein positiewe groeikoers in 1993 getoon kan word.

Ofskoon die beter ekonomiese resultate geen geringe prestasie was nie, was dit hoofsaaklik die gevolg van die aansienlike toename in die landbouproduksie tot meer normale vlakke nadat dit in 1992 nadelig getref is deur een van die ernstigste droogtes in die land se geskiedenis. Hierdie hoër landbouproduksie het 'n groot regstreekse bydrae tot die toename in die totale binnelandse produk gemaak, maar was ook op 'n onregstreekse wyse (deur middel van verbintenisse met ander produksiesektore) deels verantwoordelik vir die groter verspreiding van groei in die ekonomie. Met die hulp van 'n voortgesette betreklik goeie uitvoerprestasie en 'n hoër goudprys het die styging in die landbouproduksie in die derde kwartaal van 1993 bygedra tot positiewe groeikoerse in bykans al die belangrikere ekonomiese sektore, met die opvallende uitsondering van die goudmynbou, die konstruksiebedryf, die groothandel en die akkommodasiedienste.

Verskeie ander gunstige ontwikkelings hou belofte in vir die toekomstige ekonomiese groei van die land, met inbegrip van die opheffing van sanksies en die vestiging van nuwe handelsbande met sekere lande; die herstel van normale betrekkinge met internasionale organisasies soos die Internasjonale Monetêre Fonds en die Internationale Bank vir Heropbou en Ontwikkeling; die finale ooreenkoms wat met Suid-Afrika se buitelandse krediteurbanke oor die terugbetaling van sogenaamde geaffekteerde skuld bereik is; die groter finansiële bestendigheid wat in die land bewerkstellig is; en die vooruitsig op verhoogde investering as gevolg van die instelling van belasting-aftrekbare versnelde waardeverminderingstoelaes en die noodsaaklikheid om masjinerie en toerusting te vervang.

'n Kragtige oplewing in ekonomiese groei sal egter op kort termyn moontlik aan bande gelê word deur sekere nadelige faktore wat steeds 'n betekenisvolle uitwerking op die ekonomie kan hê. Eerstens lyk die vooruitsigte vir

groei in die nywerheidslande op hierdie tydstip nog steeds beperk en dit kan die groei in die Suid-Afrikaanse uitvoer terughou. Tweedens kan onsekerheid oor die resultate van politieke onderhandelings en die voortdurende binnelandse oproerigheid moontlik steeds tot die uitstel van investeringsbesluite lei. Derdens kan groot vasgestelde terugbetalingsverpligtinge teenoor buitelandse krediteure ook perke plaas op 'n meer uitbreidende makro-ekonomiese beleidsingesteldheid en sodoende toenames in produksie verhinder as hierdie beperkinge van buite nie deur die invloeiing van nuwe buitelandse kapitaal verlig word nie. Laastens bestaan belangrike belemmeringe vir vinnige ekonomiese groei nog steeds in die binnelandse produksiestructuur en kan dit 'n nadelige uitwerking op die standhoudendheid van sodanige ekonomiese groei hê.

Die beter ekonomiese toestande in die eerste nege maande van 1993 het gepaard gegaan met skerp wisselings in die reële bruto binnelandse besteding wat deur veranderings in voorraadmakke veroorsaak is. Die betreklik bestendige toename in die finale binnelandse vraag is egter aangehelp deur die versneling in die binnelandse produksie. Die reële private verbruiksbesteding het voortgegaan om gedurende hierdie tydperk positiewe koerse van toename te toon en het in die derde kwartaal van 1993 effens vinniger gestyg. Dit was grotendeels 'n weerspieëeling van die hoër vlakke van die reële persoonlik beskikbare inkome en die vooruitaankope deur verbruikers in afwagting van prysstygings in sekere duursame goedere wat uit die depresiasie van die rand kon voortspruit. Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het ook effens gestyg, terwyl die totale reële bruto binnelandse vaste investering in die derde kwartaal van 1993 effens gestyg het nadat dit in die voorafgaande drie jare aansienlik gekrimp het.

Ondanks die toename in die binnelandse produksie, het Suid-Afrikaanse ondernemings baie kostebewus gebly en met besuinigingsprogramme voortgegaan, wat tot die verdere afdanking van werkers gelei het. Die laer vlakke van werkverskaffing en die groter produksie het 'n aansienlike toename in die arbeidsproduktiwiteit teweeggebring. Die koerse van toename in die reële vergoeding per werker het nietemin nog steeds die styging in die produktiwiteit oorskry, met die gevolg dat die reële arbeidseenheidskoste verder gestyg het. As dit vir 'n lang tydperk voortduur kan dit die land se vermoë om internasionaal mee te ding, ernstig skaad.

Aansienlike verdere sukses is nietemin in die eerste nege maande van 1993 behaal met die daarstelling van meer bestendige finansiële toestande in die land. Dit blyk duidelik uit die toename in sowel die produksie- as die verbruikersprysindeks. Benewens die beperkende

monetêre beleidsmaatreëls, is die afwaartse neiging in die verbruikersprysinflasie aangehelp deur stadiger koerse van toename in die koste van huiseienaarskap en voedselprys; albei hierdie kategorieë was aanvanklik verantwoordelik vir die traagheid wat met die verlaging van prysinflasie ondervind is.

Die groei in sowel die geldvoorraad as die bankkrediet het gedurende die eerste helfte van 1993 ook verder verlangsaam, maar gedurende die derde kwartaal effens toegeneem. Die herstel in die ekonomiese bedrywigheid en die hoër inkomne wat daarvan gepaardgegaan het, het nie 'n dienooreenkomslike toename in die vraag na geld en krediet teweeggebring nie omdat dit hoofsaaklik verband gehou het met 'n verbetering in die landbouproduksie, dit wil sê dit het in 'n sektor met hoë en stygende uitstaande skuld voorgekom. Sekere ander faktore was ook vir die laer groei in die geldvoorraad en bankkrediet aan die private sektor verantwoordelik, naamlik die voortgesette lae vlak van die ekonomiese bedrywigheid, die aansienlike oorbefondsing van die regering, die betreklik hoë koste van leenbedrywighede, die toenemende aanpasbaarheid in die gebruik van verbandfinansieringsfasiliteite, disintermediasie en veranderings in die regulasies met betrekking tot likwiedebate- en kontantreserwevereistes.

Hoewel die groei in die geldvoorraad vir die eerste nege maande van 1993 tot onder die onderste perk van die geldvooraadriglyne beweeg het, het die Reserwebank voortgegaan om 'n betreklik beperkende monetêre beleidsgesteldheid na te volg. Geen stappe is gedoen om die geldvoorraad tot binne die riglyngebied te dwing nie omdat voorkeur verleen is aan die beskerming van die buitelandse reserves van die land en die oogmerk van prysstabiliteit. Die Reserwebank het dus die vasstelling van monetêre mikpunte op 'n diskresionêre wyse toegepas en, soos reeds by tale geleenthede gemeld is, nie by 'n onbuigsame geldreël gehou nie. As gevolg van die groter finansiële bestendigheid in die ekonomie en die moontlike normalisering van Suid-Afrika se verhoudings met die Internasionale Monetêre Fonds, het die Reserwebank egter die Bankkoers op 28 Oktober 1993 van 13 tot 12 persent verlaag.

Die totale bruto goud- en ander buitelandse reserves het skerp afgeneem tot 'n kommerwekkend lae vlak van slegs vyf weke se invoer van goedere en dienste aan die einde van September 1993. Hierdie daling is aangeteken ten spyte van die feit dat die lopende rekening van die betalingsbalans in die eerste nege maande van 1993 deurgaans betreklik bestendig gebly het (met skerp wisselings van tyd tot tyd). Ongelukkig is hierdie oorskot deur 'n groot uitvloeiing van kapitaal geneutraliseer, hoofsaaklik in die vorm van korttermynfondse. Voortgesette vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangste wat ontstaan het deur die sterkte van die dollar in die internasionale buitelandse valutemarkte; binnelandse oproerigheid en die onsekerheid wat deur maatskaplik-politieke gebeure geskep is; en die geredelike beskikbaarheid van binnelandse finansiering

het voortgegaan om die uitvloeiing van kapitaal te begunstig.

Die verswakking in die totale betalingsbalansposisie het tot 'n daling van 8,7 persent in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand van die einde van Desember 1992 tot 18 November 1993 gelei. Aangesien die daling aansienlik meer as die verskil in die inflasiekoerse tussen Suid-Afrika en sy belangrikste handelsvennootlande was, het die reële effektiewe wisselkoers van die rand ook skerp gedaal.

In die finansiële markte het toestande op die geldmark gedurende die eerste nege maande van 1993 betreklik stram gebly, maar gedurende Oktober effens verruim. Die Reserwebank het gevoldig daarop gekonsentreer om te voorkom dat die mark te beperkend word en om wisselings op kort termyn te verminder. Die kapitaalmark is gekenmerk deur aansienlike toenames in die verhandeling van effekte, aangeleide instrumente en aandele, terwyl transaksies in vaste eiendom in die derde kwartaal effens toegeneem het.

Die algemene afwaartse beweging in die geldmarkrentekoerse wat reeds aan die begin van 1990 'n aanvang geneem het, het in die eerste nege maande van 1993 voortgeduur maar teen 'n baie stadiger tempo as in 1992. Die afwaartse neiging in die geldmarkrentekoerse sedert die middel van 1992 was hoofsaaklik gebaseer op 'n verwagte verlaging in die Bankkoers te midde van 'n lae vraag na fondse. Kapitaalmarkkoerse, veral die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte, het aanvanklik gedurende die eerste vier maande van 1993 tot hoër vlakke beweeg, maar daarna, in die daaropvolgende tydperk tot en met Oktober 1993, weer skerp gedaal.

Die leningsbehoefte van die openbare sektor het in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 7,3 persent van die bruto binnelandse produk beloop, wat aansienlik minder was as die tekort van 10,3 persent van die bruto binnelandse produk in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93. Hierdie verbetering was hoofsaaklik die gevolg van 'n vermindering in oordragte deur die sentrale regering; in die fiskale jaar 1992/93 is groot buiten gewone oordragte na die goud- en buitelandsevalutagebeurlikheidsreserwerekening en die staatsdienspensioenfondse gemaak.

'n Toename in rentebetalings gedurende die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1993/94 het tot gevolg gehad dat skatkisuitreikings gestyg het tot bo die vlakte wat in die begroting vir die jaar in die geheel voorsien is. Hier teenoor het die koers van toename in skatkisontvangste tot na aan die geprojekteerde groeikoers vir die volle fiskale jaar gekom. Hoér-as-verwagte ontvangste van belasting op toegevoegde waarde en doeane- en aksynsregte het laer-as-verwagte ontvangste op inkomstebelasting van maatskappye en individue geneutraliseer. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die tekort op die skatkisrekening voor lenings en skuldterugbetelings nietemin in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 steeds op die hoë vlak van 8,2 persent te staan gekom.


## Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

### Binnelandse produksie

Nadat die *reële bruto binnelandse produk* in die laaste twee kwartale van 1992 teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van  $5\frac{1}{2}$  persent en  $4\frac{1}{2}$  persent gedaal het, is positiewe groeikoerse sedert die begin van 1993 aangeteken wat aansienlik toegeneem het van  $1\frac{1}{2}$  persent in die eerste kwartaal tot  $5\frac{1}{2}$  persent in die tweede kwartaal en 8 persent in die derde kwartaal. Dit was die eerste keer sedert 1988 dat die land vir drie agtereenvolgende kwartale positiewe ekonomiese groei ondervind het. Die vlak van die totale produksie in die eerste nege maande van 1993 was nogtans steeds ongeveer  $\frac{1}{2}$  persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar.

Die merkwaardige herstel in die binnelandse produk gedurende die eerste drie kwartale van 1993 was hoofsaaklik te danke aan die betreklik gunstige weerstoestande en 'n aansienlike toename in die *landbouproduksie*. In die derde kwartaal van 1993 het die vlak van die landbouproduksie tot min of meer die gemiddelde produksievlek van 1991 teruggekeer – dit wil sê, tot die vlakte wat geheers het voor die droogte van 1992.

### Reële bruto binnelandse produk



Die toename in die reële bruto binnelandse produk was egter nie bloot die gevolg van die aansienlik groter omvang van die landbouproduksie nie. As die landbouproduksie buite rekening gelaat word, het die totale reële produksie van die sektore *buite die landbou* in die derde kwartaal van 1993 met  $2\frac{1}{2}$  persent gestyg, teenoor 'n koers van toename van  $\frac{1}{2}$  persent in die tweede kwartaal van 1993 en ongeveer nul in die eerste kwartaal van die jaar. Boonop het hierdie herstel in die binnelandse produk 'n groot aantal sektore in die derde kwartaal van 1993 ingesluit. Met die uitsondering van die mynbou en die konstruksiewese, is positiewe groei in al die ander belangrike ekonomiese sektore behaal.


Nadat die reële toegevoegde waarde van die *mynbousektor* in die eerste twee kwartale van 1993 teen jaarkoerse van  $2\frac{1}{2}$  en 2 persent toegeneem het, het dit in die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van 1 persent afgeneem. Tegniese probleme wat tydens die produksie deur sommige afdelings van die goudmynmaatskappy ondervind is, het bygedra tot 'n afname in die tonnemaat gemaalde erts en die fisiese omvang van produksie deur die goudmyne. Die afname in die goudproduksie het die toename in die produksie van ander minerale en metale geneutraliseer.

Die reële produksie van die *konstruksiebedryf* het in die derde kwartaal van 1993 voortgegaan om betreklik skerp te daal tot 'n vlak wat bykans 3 persent laer as die waarde van die tweede kwartaal van 1993 was. Die ander twee sekondêre sektore het in die derde kwartaal van 1993 egter buitengewoon goed gevaaar. Die reële toegevoegde waarde deur die sektor wat elektrisiteit, gas en water voorsien, wat teen jaarkoerse van  $4\frac{1}{2}$  persent in die eerste kwartaal van 1993 en  $5\frac{1}{2}$  persent in die tweede kwartaal toegeneem het, het in die derde kwartaal verder teen 'n koers van  $5\frac{1}{2}$  persent gestyg. Dit was deels toe te skryf aan 'n toename in die binnelandse vraag, maar is ook teweeggebring deur 'n verdere styging in die verkoop van elektrisiteit aan buurlande.

Die reële produksie van die *fabriekswesesektor* het in die derde kwartaal van 1993 teen 'n jaarkoers van  $5\frac{1}{2}$  persent toegeneem ná 'n matige daling in die voorafgaande kwartaal. Hierdie toename in die totale fabrieksproduksie was 'n weerspieëeling van die toenames in die reële produksie deur die subsektore wat voedsel, houtprodukte en meubels, chemiese produkte en masjinerie en vervoertoerusting vervaardig. Verskeie faktore het waarskynlik tot die verbetering in die fabrieksproduksie by: Ira, met inbegrip van:

- die toename in die omvang van die uitvoer van vervaardigde goedere in die eerste nege maande van 1993;
- die aansienlik aggressiever bemarkingsbenadering van binnelandse ondernemings;
- die toename in voorrade;
- die hoër landbouproduksie, wat positiewe skakelings met sommige vervaardigingsondernemings gehad het; en
- minder ontwrigtings van produksie as gevolg van

### Komponente van reële bruto binnelandse produk



massa-betogings, wegblý-aksies en ander vorms van arbeidsonrus.


Die reële toegevoegde waarde van die *tertiêre sektore*, wat in die eerste en die tweede kwartaal van 1993 teen 'n jaarkoers van  $\frac{1}{2}$  persent afgeneem het, het in die derde kwartaal met 1 persent gestyg. Hierdie toename was die gevolg van die positiewe groei in die reële toegevoegde waarde van die sektore handel, finansies en versekering, en vervoer, opberging en kommunikasie. 'n Merkbare toename in die reële groei in die motorhandel, tesame met 'n effense toename in die reële toegevoegde waarde van die kleinhandel, het verdere afnames in produksie deur die ander subsektore

van die handel, naamlik in die groothandel en verversings- en akkommodasiedienste, uitgeskakel. Die toename in die reële toegevoegde waarde deur die finansiële sektor het hoofsaaklik die lewendigheid van die handelsbedrywighede op die Johannesburgse Effektebeurs weerspieël, terwyl die groter mielie-oes en die groter fisiese omvang van die buitelandse handel in die eerste drie kwartale van 1993 tot 'n toename in die bedrywigheid van die vervoersektor aanleiding gegee het.

### Binnelandse besteding

Die koers van verandering van kwartaal tot kwartaal in die totale *reële bruto binnelandse besteding* het in die eerste drie kwartale van 1993 heelwat gewissel: in die eerste kwartaal het reële besteding teen 'n jaarkoers van  $9\frac{1}{2}$  persent toegeneem, maar dit het daarna in die tweede kwartaal met 12 persent gedaal voordat dit in die derde kwartaal weer teen 'n koers van  $15\frac{1}{2}$  persent gestyg het. Hierdie skerp fluktusies kan hoofsaaklik aan veranderings in die reële voorrade toegeskryf word, wat in 'n groot mate deur skommelings in die fisiese omvang van die buitelandse handel beïnvloed is. Die vlak van die reële binnelandse besteding was in die eerste drie kwartale van 1993 nietemin steeds sowat  $\frac{1}{2}$  persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van 1992.

### Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



Die reële private verbruiksbesteding het in die derde kwartaal van 1993 verder teen 'n jaarkoers van 1 persent gestyg; in die vorige twee kwartale het dit teen 'n jaarkoers van slegs  $\frac{1}{2}$  persent toegeneem. Die toename in die reële verbruiksbesteding in die derde kwartaal het hoofsaaklik toenames in die verbruiksbesteding van huishoudings aan semi-duursame en nie-duursame goedere en dienste weerspieël, terwyl die reële besteding aan duursame verbruiksgoedere bykans op die vlak van die voorafgaande kwartaal gebly het. 'n Toename in die reële besteding aan persoonlike vervoertoerusting, hoofsaaklik as gevolg van vooruitaankope deur verbruikers in afwagting op groot prysverhogings, is feitlik geheel en al teengewerk deur afnames in die reële besteding aan huishoudelike toestelle en ontspannings- en vermaakkheidsgoedere. In die eerste drie kwartale van 1993 was die aantal nuwe motorvoertuie verkoop 7 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1992.

Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het in die eerste twee kwartale van 1993 bykans geen verandering getoon nie, maar in die derde kwartaal het dit skerp gestyg. Hierdie toename was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in die reële aankope van intermediäre goedere en dienste deur die owerheid, terwyl die totale reële arbeidsvergoeding van werknemers van die algemene owerheid matig afgeneem het.

Die totale reële bruto binnelandse vaste investering het in die tweede kwartaal van 1993 uitgevlak en na veertien opeenvolgende kwartale van afnames in die derde kwartaal teen 'n jaarkoers van  $1\frac{1}{2}$  persent gestyg. Die toename het gevvolg op matiger afnames teen


jaarkoerse van  $2\frac{1}{2}$  en 2 persent in die eerste twee kwartale van 1993. Die vlak van die reële kapitaalvorming was in die eerste nege maande van 1993 nietemin steeds 5 persent laer as in die ooreenstemmende tydperk van 1992.

Die toename in die totale reële vaste investering in die derde kwartaal van 1993 het in die *openbare sektor* voorgekom: die reële kapitaalvorming deur instellings van die openbare sektor het teen 'n jaarkoers van 6 persent gestyg, vergeleke met koerse van afnames van  $2\frac{1}{2}$  en 1 persent in die voorafgaande twee kwartale. Die hoér vlak van die reële vaste kapitaalbesteding deur die openbare sektor was 'n weerspieëling van toenames in die kapitaalbesteding van die algemene owerheid, Transnet, Telkom en Eskom. Voortgesette toenames is trouens sedert die begin van 1993 in die reële vaste investering van Telkom en Eskom aangeteken vanweë uitbreidings aan die telekommunikasienetwerk van die land en die elektrifisering van laekostebehuisingsgebiede.

Die reële vaste investering van die *private sektor* het egter gedurende die eerste nege maande van 1993 voortgegaan om te daal, maar teen 'n aansienlik laer koers as in 1992. Nadat dit in 1992 teen 'n koers van 5% persent gedaal het, het die afname in die reële vaste investering teen 'n jaarkoers toenemend verlangsaam tot  $2\frac{1}{2}$  persent in die eerste kwartaal van 1993, 2 persent in die tweede kwartaal en minder as 'n  $\frac{1}{2}$  persent in die derde kwartaal. Hierdie oënskynlike uitvlakking van die afaartse beweging van investering in die private sektor het waarskynlik verband gehou met die verbetering van die bestaande produksievermoë (hoofsaaklik in die mynwese), die begin van die besteding aan 'n aantal groot kapitaalprojekte wat deur belastingtoegewings ten opsigte van versnelde voorsienings vir waardevermindering aangemoedig is en die behoefté aan die vervanging van masjinerie en toerusting.

Die reële investering in voorrade het in die derde kwartaal van 1993 taamlik skerp gestyg weens 'n aansienlike toename in die landbouvoorraad in die handel wat deur 'n betreklike groot mielie-oes en 'n toename in die nywerheids- en handelsvoorraad teweeggebring is. Die toename in die nywerheids- en handelsvoorraad kan vertolk word as 'n aanduiding dat vervaardigers en handelaars hulself gereed maak om in 'n groter totale vraag te kan voorsien. Hierdie gevolgtrekking word egter weerspreek deur die verandering in die verhouding van die nywerheids- en handelsvoorraad tot die bruto binnelandse produk buite die landbou, wat van 'n gemiddelde van  $17\frac{1}{2}$  persent in die eerste twee kwartale van 1993 tot ongeveer 17 persent in die derde kwartaal afgeneem het. In verhouding tot die totale reële produkvlakte, is voorrade in die derde kwartaal dus steeds verminder.

### Reële bruto binnelandse vaste investering



### Faktorinkome

Ondanks 'n verdere afname in die groei van die nominale arbeidsvergoeding, het die koers van toename van jaar tot jaar in die *nominale faktorinkome* van  $9\frac{1}{2}$  persent in die

eerste kwartaal van 1993 tot 14 persent in die derde kwartaal versnel. Die koers van toename in die totale nominale arbeidsvergoeding oor vier kwartale het egter van 11 persent in die eerste kwartaal van 1993 tot 9 persent in die derde kwartaal afgeneem. Hierdie afwaartse beweging het in bykans al die hoofsektore van die ekonomie voorgekom. Hoewel dit 'n algemene kenmerk van die ekonomie is wanneer die ekonomiese afwaartse fase begin uitvlak, kan hierdie onlangse ontwikkelings ook toegeskryf word aan faktore soos die hoë vlak van werkloosheid, 'n voortgesette betreklik beperkende monetêre beleid, die afname in die inflasiekoeur, 'n afname in beskikbare werkgeleenthede en meer realistiese looneise deur sommige vakbondes.

Die groei in die totale nominale bruto bedryfsurplusse oor vier kwartale het daarenteen skerp toegeneem van 8 persent in die eerste kwartaal van 1993 tot 15 persent in die derde kwartaal. Hierdie beduidende toename in die bruto bedryfsurplusse was hoofsaaklik die gevolg van die verbetering in die bedryfsurplusse van die landbou en die myne, wat gebaat het by groter oeste, 'n toename in die dollarprys van goud en die depresiasie van die rand. Die groeikoerse in die bedryfsurplusse van jaar tot jaar van die vervoer- en die finansiële sektor het ook in die eerste nege maande van 1993 toegeneem, maar die groei in die surplusse van die ander sektore het steeds verlangsaam.


### Binnelandse besparing

Die binnelandse besparingsverhouding, dit wil sê die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk, het van 17½ persent in die tweede kwartaal van 1993 tot effens minder as 16½ persent in die derde kwartaal gedaal. Die afname in die binnelandse besparingsverhouding was die gevolg van 'n toename in die netto ontsparing deur die algemene owerheid, wat matige toenames in huishoudings en maatskappye se besparing geneutraliseer het.

Die ontsparing deur die *algemene owerheid* het teen 'n jaarkoers van R12,3 miljard in die tweede kwartaal van 1993 tot R15,7 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Hierdie verswakkking van die saldo op die lopende rekening van die algemene owerheid het hoofsaaklik ontstaan vanweë stygings in die betaling van rente op die staatskuld en verbruiksbesteding, wat 'n geringe stying in totale belastingontvangste en ander lopende inkomste van die owerheid oorskry het.

Netto besparing van die private sektor (maatskappye en huishoudings) in verhouding tot die bruto binnelandse produk, het 'n geringe toename van 5½ persent in die kalenderjaar 1992 en 6 persent in die tweede kwartaal van 1993 tot 6½ persent in die derde kwartaal getoon. In die maatskappysektor is toenames in besparing in daardie sektore met gesonder finansiële resultate soos die landbou, mynbou en finansies aangeteken. Die verhouding van persoonlike besparing tot die persoonlike beskikbare inkomme het ietwat toegeneem van 'n gemiddelde van minder as 2½ persent in die eerste twee kwartale van 1993 tot ongeveer 3 persent in

### Besparing





die derde kwartaal. 'n Verdere toename in die reële persoonlike beskikbare inkomme (reële inkomme uit eiendom sowel as aanpassings in die arbeidsvergoeding) het die toename in die lopende besteding van huishoudings oorskry en was vir die styging in huishoudings se besparing verantwoordelik.

### Werkverskaffing

Ondanks die toename in die binnelandse produksie, het die algemeen lae vlak van ekonomiese bedrywigheid Suid-Afrikaanse ondernemings genoop om meer kostebewus te word. Te midde van sterk internasionale mededinging en groter buigsaamheid in die arbeidsmark, is werkers nog steeds ontslaan. Nadat die *totale werkverskaffing* in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou in sowel 1991 as 1992 met 2,1 persent gedaal het, het dit in die eerste kwartaal van 1993 verder teen 'n seisoensaangesulwerde jaarkoers van 2,8 persent afgeneem. (Die jongste inligting wat deur die Sentrale Statistiekdiens beskikbaar gestel is.)

Die koers van afname in die werkverskaffing in die *private sektor* buite die landbou het van 0,9 persent in 1990 tot 3,6 persent in 1991 versnel, voordat dit ietwat verlangsaam het tot 3,1 persent in 1992. Hoë koerse van afname in die werkverskaffing deur die private sektor is in bykans elke kalenderkwartaal sedert die begin van die resessie aangeteken. Onlangs het die koers van

## Werkverskaffing in nie-landbousektore



afname van kwartaal tot kwartaal in die werkverskaffing deur die private sektor egter aansienlik verlangsaam van seisoensaangesuiwerde jaarkoerse wat tussen ongeveer 3 en 6 persent in die eerste drie kwartale van 1992 gewissel het, tot 0,8 persent in die vierde kwartaal en 1,9 persent in die eerste kwartaal van 1993. Die hoë koers van afname in die eerste kwartaal van 1993 is teweeggebring deur voortgesette afdankings van personeel in die konstruksiebedryf, die mynbou en die motorhandel. Toenames in die werkverskaffing is egter deur die fabriekswese, groot- en kleinhandel, banke en die private padvervoer aangeteken. Beskikbare inligting vir die tweede kwartaal van 1993 dui op verdere personeelverminderinge in die mynboubedryf.

Die koers van toename in die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede het van 1,6 persent in 1991 tot 0,1 persent in 1992 afgeneem. Die kwartaallike koers van verandering in die werkverskaffing deur die openbare owerhede het baie gewissel en toenames teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 2,0 en 1,7 persent in die laaste twee kwartale van 1992 is gevolg deur 'n groot afname teen 'n koers van 4,7 persent in die eerste kwartaal van 1993. Die openbare sektor was nietemin gedurende die huidige resessie 'n netto verskaffer van werkgeleenthede in die formele ekonomiese van die eerste kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal

van 1993 het die werkverskaffing deur die openbare owerhede met 23 400 persone toegeneem, terwyl die werkverskaffing in die private sektor met 351 600 persone afgeneem het.

Die seisoensaangesuiwerde totale aantal geregistreerde werklose persone het gedurende die resessie van 1989-93 deurgaans toegeneem. Die totale getal werkloses was in 1992 16,2 persent hoër as in 1991 en in die eerste sewe maande van 1993 was dit 16,4 persent hoër as die vlak in die ooreenstemmende tydperk van 1992. In Julie 1993 het die seisoensaangesuiwerde totale getal geregistreerde werklose persone 330 700 beloop.

## Arbeidskoste en produktiwiteit

Hoewel die koers van toename in die gemiddelde maandelikse totale nominale vergoeding per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou afgeneem het van 'n jongste hoogtepunt van 18,3 persent in 1989 tot 15,6 persent in 1992, was dit steeds betreklik hoog gegewe die toenemende aantal werkloses. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker het effens meer merkbaar afgeneem van 19,4 persent in die vierde kwartaal van 1989 tot 13,8 persent in die tweede kwartaal van 1991; daarna het dit effens versnel tot 16,5 persent in die tweede kwartaal van 1992, voordat dit weer tot 13,4 persent in die eerste kwartaal van 1993 gedaal het. Hierdie hoë koerse van toename is aangeteken selfs al was vakbonde bereid om meer realistiese loonaanpassings onder die huidige aanbod- en vraagtoestande in die arbeidsmark te aanvaar. Die voortgesette hoë koerse van toename in die loon per werker kon waarskynlik toegeskryf word aan 'n verandering in die samestelling van die arbeidsmag omdat afdankings 'n groter omvang onder die ongeskoolede en betreklik laag-besoldigde werkers aangeneem het. Dit word bevestig deur gegewens oor die totale loonrekening wat teen veel laer koerse toegeneem het.

Die koers van toename in die gemiddelde maandelikse nominale vergoeding per werker in die private sektor het slegs matig afgeneem van koers van meer as 16 persent in die tydperk 1988-90 tot 15,6 persent in 1992. Nadat koers van toename oor vier kwartale van meer as 15 persent in die meeste van die kalenderkwartale van 1992 aangeteken is, het die toename in die totale vergoeding per werker in die private sektor in die eerste kwartaal van 1993 tot 13,0 persent gedaal.

Die koers van toename in die gemiddelde maandelikse totale nominale vergoeding per werker in diens van die openbare owerhede het meer beduidend as dié in die private sektor afgeneem, naamlik van 21,9 persent in 1989 tot 15,2 persent in 1992 en tot 'n koers oor vier kwartale van 14,0 persent in die eerste kwartaal van 1993. Gedurende die afgelope vier jaar het die werkers in diens van die openbare owerhede nietemin steeds hoë gemiddelde salaris- en loonverhogings as hul eweknieë in die private sektor ontvang.

As gevolg van die algemeen hoë koerse van toename

in die nominale vergoeding van werkers, het die koers van toename in die *reële vergoeding* per werker in die sektore van die ekonomie buite die landbou (soos gedefleer deur die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) positief gebly en in werklikheid van 1,6 persent in 1991 tot 3,0 persent in 1992 versnel. In die eerste kwartaal van 1993 het die koers van toename oor vier kwartale in die reële loon per werker op 2,1 persent te staan gekom. Hierdie syfers duif op voortgesette druk op die bedryfsurplusse of winste van sakeondernemings.

Die koers van toename in die *reële arbeidsproduktiwiteit* in die sektore van die ekonomie buite die landbou het van slegs 0,5 persent in 1990 tot 1,4 persent in 1991 en 1992 toegeneem. Die koers van toename oor vier kwartale in die *reële arbeidsproduktiwiteit* het ook versnel van 0,5 persent in die vierde kwartaal van 1991 tot 1,8 en 1,7 persent in die vierde kwartaal van 1992 en die eerste kwartaal van 1993. Hierdie versnelling in produktiwiteit is in 'n mate ondersteun deur die afname in die getal mandae wat sedert 1990 as gevolg van stakings en werkstopsettings verloor is. Die produktiwiteit het ook in hierdie tydperk toegeneem omdat die vermindering in die arbeidsmag groter was as die daling in die totale produksie.

Die koers van toename in die *nominale arbeidseenheidskoste* in die sektore van die ekonomie buite die landbou het deurlopend gedaal van 'n hoogtepunt van 17,2 persent in 1989 tot 14,0 persent in 1992 vanweë laer koers van toename in die vergoeding van werkers en verbeterings in die arbeidsproduktiwiteit. Die koers

van toename oor vier kwartale in die nominale arbeidskoste per eenheid fisiese produksie het per saldo van 'n hoogtepunt van 19,9 persent in die vierde kwartaal van 1989 tot 11,5 persent in die tweede kwartaal van 1991 gedaal; daarna het dit versnel tot 15,2 persent in die tweede kwartaal van 1992, voordat dit in die eerste kwartaal van 1993 weer tot 11,5 persent verminder het.

As gevolg van die voortgesette hoë koerse van toename in die nominale vergoeding van werkers en die merkbare vordering wat gemaak is met die verlaging van inflasie, het die *reële arbeidseenheidskoste* teen betreklik hoë koerse bly toeneem. Nadat dit in 1991 met slegs 0,2 persent toegeneem het, het die *reële arbeidskoste* per eenheid fisiese produksie (soos gedefleer deur die prysdeflator vir die bruto binnelandse produk buite die landbou) in 1992 met 1,5 persent gestyg. Die koers van toename oor vier kwartale in die *reële arbeidseenheidskoste* het ook versnel van 'n negatiewe vlak van 1,7 persent in die tweede kwartaal van 1991 tot 'n positiewe syfer van 2,5 persent in die tweede kwartaal van 1992; daarna het dit afgeneem tot slegs 0,5 persent in die derde kwartaal, versnel tot 2,1 persent in die vierde kwartaal van 1992 en weer tot 0,4 persent in die eerste kwartaal van 1993 gedaal.


### Pryse

Aansienlike verdere sukses is in die eerste nege maande van 1993 met die verkryging van groter prysstabiliteit in Suid-Afrika behaal. Dit blyk uit die styging in sowel die produksie- as die verbruikersprysindeks. Nadat die koers van toename in die omvattende produksieprysindeks oor tydperke van twaalf maande in Augustus 1992 'n jongste hoogtepunt van 9,5 persent bereik het, het dit bykans ononderbroke tot 5,9 persent in Augustus 1993 en tot 5,5 persent in September gedaal – die laagste sodanige koers van toename sedert Januarie 1972. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die omvattende produksieprysindeks het aanvanklik versnel van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs 1,4 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 9,0 persent in die tweede kwartaal van 1993, voordat dit weer tot 5,4 persent in die derde kwartaal verminder het.


Die vinnige versnelling in die kwartaallike toename in die produksieprysindeks is hoofsaaklik veroorsaak deur die skerp depresiasie van die rand teenoor die geldeenheide van bykans al die vernaamste handelsvennootlande van Suid-Afrika. As gevolg van hierdie laer eksterne waarde van die rand, het die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die *pryse van ingevoerde goedere* van 'n laagtepunt van 3,1 persent in Desember 1992 tot 6,8 persent in Junie 1993 gestyg; daarna het dit ietwat verlangsaam tot 4,5 persent in Julie en Augustus 1993 en tot 3,8 persent in September.

Die koers van toename in die *pryse van binnelandse geproduceerde goedere* oor tydperke van twaalf maande het sedert Mei 1989, toe dit 15,4 persent beloop het, 'n afwaartse neiging getoon. Hoewel hierdie afwaartse beweging tydelik onderbreek is deur die Golfoorlog aan

**Reële vergoeding per werker in nie-landbou-sektore**



## Produksiepryse



die einde van 1990, het die inflasiekoers bly daal tot slegs 6,2 persent in Augustus 1993 en tot 5,9 persent in September.

Die koers van toename in die omvattende verbruikersprysindeks oor tydperke van twaalf maande, wat gedaal het van 'n hoogtepunt van 16,8 persent in Oktober 1991 tot 9,6 persent in Desember 1992 (die eerste enkelsyferkoers van toename sedert Junie 1978), het verder verlangsaam tot 9,0 persent in Februarie 1993. Die verlangsaming in inflasie is daarná in Maart tydelik onderbreek deur skerp toenames in onderwysgelde en in April deur 'n toename van 4 persentasiepunte in die belasting op toegevoegde waarde, toenames in ander indirekte belastings en 'n stygging in die petrolprys; dit het die koers van toename oor 'n tydperk van twaalf maande in die verbruikersprysindeks weer tot 11,0 persent in April gebring. In die daaropvolgende maande het die betreklik beperkende anti-inflasionistiese monetêre beleid en die laevlak van ekonomiese bedrywigheid veroorsaak dat inflasieverwagtings merkbaar afgeneem het en dat loonooreenkomsme meer getemper was as in vorige jare. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die omvattende verbruikersprysindeks het gevoldigk tot 9,1 persent in September 1993 afgeneem.

Die afwaartse beweging van inflasie in die verbruikerspryse sedert Oktober 1991 is aangehelp deur aansienlike

## Verbruikerspryse



verlagings in die koers van toename in die koste van huiseienaarskap. Sedert April 1993 het die verbruikerspryse van voedsel en nie-alkoholiese drank oor tydperke van twaalf maande ook begin om teen laer koers toe te neem as die omvattende prysindeks. Indien die koste van huiseienaarskap en die prys van voedsel en nie-alkoholiese drank by die verbruikersprysindeks uitgesluit word, het die koers van toename in die prys van die ander komponente van die indeks oor tydperke van twaalf maande in September 1993 steeds 12,9 persent bedra. Die hoë koers van toename in die prys van hierdie ander komponente is veral beïnvloed deur 'n aansienlike stygging in die prys van nuwe voertuie as gevolg van die swak rand.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die verbruikersprysindeks het hoofsaaklik vanweë die inwerkingstelling van die indirekte belastingsvoorstelle in die Begroting vir 1993/94, skerp versnel van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs 4,7 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 17,6 persent in die tweede kwartaal van 1993; daarná het dit egter weer verlangsaam tot 7,4 persent in die derde kwartaal. Aansienlik laer koers van toename in die prys van verbruikersgoedere sowel as dienste is in die jongste kwartaal aangeteken. Die prys van dienste, en veral onderwysgelde en mediese koste, het egter sedert Maart 1993 aansienlik vinniger as die prys van goedere gestyg.

## Buitelandse handel en betalings

### Lopende rekening

'n Oorskot teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R5,9 miljard is in die derde kwartaal van 1993 op die lopende rekening van die betalingsbalans aangeteken. Hoewel hierdie oorskot aansienlik kleiner was as die buitengewone groot syfer van R10,1 miljard in die tweede kwartaal van 1993, was dit steeds effens meer as die kwartaallikse gemiddelde oorskot van R5,4 miljard (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) in die eerste helfte van 1993. Ondanks die hoër vlak van ekonomiese bedrywigheid in Suid-Afrika, het die kumulatiewe oorskot in die eerste nege maande van 1993 R5,1 miljard beloop; dit was aansienlik groter as die oorskot van R3,9 miljard vir 1992 in die geheel. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die oorskot op die lopende rekening van net meer as 1 persent in 1992 tot 1½ persent in die eerste nege maande van 1993 toegeneem.


Die voortgesette goeie en selfs beter prestasie van die saldo op die lopende rekening gedurende 'n tydperk waarin die binnelandse ekonomie effens herstel het, was 'n weerspieëling van die aanvanklike lae vlak van waar die ekonomie begin groei het en die invloed van 'n aansien-

like toename in die landbouproduksie op die in- en uitvoer. 'n Skerp afname in die invoer van landbouprodukte het in die eerste nege maande van 1993 die styging in die waarde van die goedere-invoer beperk. Die waarde van sowel die netto goud- as die goedere-uitvoer het terselfdertyd skerp gestyg, wat die aansienlike toename in die netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners geneutraliseer het.


Die waarde van die *goedere-invoer* het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R53,4 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R59,7 miljard in die derde kwartaal van 1993 gestyg. Hierdie aansienlike toename was hoofsaaklik die gevolg van 'n skerp styging in die pryse van ingevoerde goedere: in die eerste nege maande van 1993 was die indekswaarde van die pryse van die goedere-invoer 8½ persent bo die vlak in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar. Invoerpryse het skerp gestyg, ondanks marginaal laer internasionale oliepryse en slegs matige toenames in die pryse van goedere in die meeste van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennootlande. Die depresiasie van die rand was derhalwe hoofsaaklik vir die skerp toename in die waarde van die invoer verantwoordelik.

Nadat die hoeveelheid van die goedere-invoer vanweë die invoer van landbouprodukte in die tweede helfte van 1992 skerp gestyg het, het dit in die eerste nege maande van 1993 rondom hierdie hoër vlak gewissel. Die laer invoer van landbouprodukte is deur toenames in die meeste van die ander belangrike kategorieë van ingevoerde goedere geneutraliseer, en in die besonder het skerp toenames in die invoer van

### Betalingsbalans



### Netto gouduitvoer



## Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde

	1992				1993		
	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw
Goedere-uitvoer.....	49,6	49,5	49,4	49,0	47,2	56,2	54,8
Netto gouduitvoer.....	16,7	20,4	18,2	18,4	21,1	22,2	24,5
Goedere-invoer.....	-49,2	-55,4	-53,4	-51,9	-56,4	-56,1	-59,7
Netto dienste- en oordragbetalings.....	-11,6	-11,5	-12,2	-11,6	-11,2	-12,2	-13,7
<b>Saldo op lopende rekening .....</b>	<b>5,5</b>	<b>3,0</b>	<b>2,0</b>	<b>3,9</b>	<b>0,7</b>	<b>10,1</b>	<b>5,9</b>

chemiese produkte, masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting en edelstene voorgekom.


Die waarde van die *netto gouduitvoer* (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) wat deurlopend van R18,2 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R24,5 miljard in die derde kwartaal van 1993 gestyg het, weerspieël 'n stygging in die dollarprys van goud en 'n depresiasie van die rand teenoor die dollar. Die gemiddelde vasstellingsprys van goud het van VSA\$329 per fyn ons in Januarie 1993 tot \$392 in Julie 1993 gestyg – die hoogste maandelikse gemiddelde sedert Augustus 1990; dit het daarna in September 1993 tot \$355 per fyn ons gedaal, voordat dit in Oktober effens tot \$364 herstel het. In rand uitgedruk het die gemiddelde vasstellingsprys van goud per fyn ons in Januarie R1 010, in Julie R1 313 en in Oktober R1 233 beloop.

Die hoér en stygende vlakke in die waarde van die netto gouduitvoer kon egter ook aan 'n stygging in die hoeveelheid van die netto gouduitvoer toegeskryf word. Die goudmyne het as deel van hul rasionalisasieprogramme nie slegs koste-besnoeiende maatreëls ingestel nie, maar ook begin om 'n hoér graad van erts te myn ten einde redelike winsmarges te handhaaf. Die aansienlike toename van 8 persent in die hoeveelheid van die gouduitvoer in die derde kwartaal van 1993 het egter ook verband gehou met die voorraadafbouing, wat oor die voorafgaande kwartale opgebou is.

Nadat die waarde van die *goedere-uitvoer* (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) aansienlik gestyg het van R47,2 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R56,2 miljard in die tweede kwartaal, het dit in die derde kwartaal van 1993 tot die steeds hoë vlak van R54,8 miljard gedaal. Hoewel skerp fluktuasies van kwartaal tot kwartaal voorgekom het, het die hoeveelheid van die goedere-uitvoer per saldo opwaarts geneig en in die eerste nege maande van 1993 was die vlak van uitvoer 2 persent bo die vlak in die ooreenstemmende tydperk van 1992. In die eerste drie kwartale van 1993 was die depresiasie van die rand hoofsaaklik vir 'n skerp toename in uitvoerpryse verantwoordelik. Soos in die lig van die

verbeterde weerstoestande verwag kon word, het die uitvoer van landbouprodukte in die eerste nege maande van 1993 skerp gestyg. Die uitvoer van vervaardigde produkte het ook bestendig toegeneem. As 'n persentasie van die totale goedere-uitvoer, het vervaardigde uitvoere in die derde kwartaal van 1993 ongeveer 26 persent beloop; hierdie verhouding was nog onlangs in 1988 gemiddeld slegs 16 persent.

## Diensterekening



*Netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners* het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R11,2 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R13,7 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Hierdie aansienlike toename was die gevolg van hoér dienstebetalings gepaard met 'n daling in dienste-ontvangstes. Hoér betalings vir vrag en verzekering op goedere wat met die hoér invoer verband gehou het en 'n toename in rentebetalings as gevolg van die volgehoud sterk belangstelling van nie-inwoners in Suid-Afrikaanse effekte, was grotendeels vir die styging in dienstebetalings verantwoordelik, terwyl betekenisvol laer ontvangstes van buitelandse toeriste-besteding in Suid-Afrika tot 'n daling in ontvangstes vir dienste vanaf die res van die wêreld bygedra het.

### Kapitaalbewegings


'n Verdere en aansienlik groter *totale netto uitvloeiing van kapitaal* nie verwant aan reserwes nie, is gedurende die eerste nege maande van 1993 op die kapitaalrekening van Suid-Afrika se betalingsbalans aangeteken. Die netto uitvloeiing van kapitaal, wat aanvanklik van R3,5 miljard in die vierde kwartaal van 1992 en R3,7 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot R1,7 miljard in die tweede kwartaal gedaal het, het in die derde kwartaal van 1993 weer tot R5,3 miljard gestyg. In die eerste nege maande van 1993 het die totale netto uitvloeiing van kapitaal gevoller R10,7 miljard beloop, vergeleke met 'n uitvloeiing van R6,2 miljard vir 1992 in die geheel.

Die groot uitvloeiing van kapitaal gedurende die eerste nege maande van 1993 was hoofsaaklik *korttermynkapitaal* (reserwe-verwante laste uitgesonderd, maar

foute en onaangetekende transaksies ingesluit), wat nie minder nie as R9,4 miljard bedra het. Die groot netto uitvloeiing van korttermynfondse uit Suid-Afrika kon toegeskryf word aan die voortgesette ongunstige vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangstes, wat deur die sterke van die VSA-dollar op die internasionale buitelandse valutemarkte en die volgehoud afwaartse druk op die waarde van die rand aangemoedig is. Die voortslepende binnelandse onrus, politieke en maatskaplike onsekerheid, die geredelike beskikbaarheid van binnelandse handelsfinansiering en die betreklik gunstige koste van binnelandse finansiering het ook tot die voortdurende uitvloeiing van korttermynkapitaal bygedra.

Nadat die netto uitvloeiing van *langtermynkapitaal* in die eerste ses maande van 1993 slegs R0,2 miljard bedra het, het dit in die derde kwartaal op R1,1 miljard te staan gekom. Hierdie uitvloeiing in die derde kwartaal was hoofsaaklik die gevolg van die terugbetaling van R570 miljoen aan buitelandse krediteure ingevolge die Derde Tussentydse Skuldreëlingsooreenkoms op 15 Augustus 1993, die aflossing van toondereffekte en skuldbrieve van R445 miljoen en die terugbetaling van Staatsge-waarborgde lenings ten bedrae van R420 miljoen. Geaffekteerde skuld ten bedrae van R460 miljoen, wat ingevolge die Tweede en Derde Tussentydse Skuld-reëlingsooreenkoms na langtermynlenings buite die sogenaamde stilstandnet omgeskakel is, was ook in die derde kwartaal betaalbaar. Hierdie uitvloeiinge is egter in 'n mate geneutraliseer deur die netto aankope van aandele en effekte ten bedrae van bykans R500 miljoen deur nie-inwoners op die Johannesburgse Effektebeurs. Hoewel hierdie aankope as 'n netto invloeiing van langtermynkapitaal na die private sektor gerapporteer is, word dit deur ooreenstemmende uitvloeiinge in ander poste op die betalingsbalans geneutraliseer aangesien dit deur die finansiëland-meganisme gedoen is.

### Totale netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)





### Buitelandse reserwes

Die aansienlike verdere netto uitvloeiing van kapitaal in die eerste nege maande van 1993 het die oorskot op die lopende rekening oorskry, met die gevolg dat die land se *netto goud- en ander buitelandse reserwes* met R5,6 miljard gedaal het; in 1992 in die geheel het die buitelandse reserwes met R2,3 miljard verminder, terwyl 'n toename van R1,4 miljard nog in 1991 aangeteken is. Na 'n daling van ongeveer R2,0 miljard in die eerste helfte van 1993, het die netto goud- en ander buitelandse reserwes in die derde kwartaal met 'n verdere R3,6 miljard geval.

As gevolg van hierdie daling in die netto buitelandse reserwes, moes die vlak van die *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* in veral die eerste en derde kwartaal van 1993 deur reserwe-verwante lenings ondersteun word. In die eerste nege maande van 1993 het die laaste verwant aan reserwes van die land derhalwe met R1,2 miljard toegeneem. Indien positiewe waardasie-aansuiwerings van R2,2 miljard, hoofsaaklik

### Totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes




vanweë die hoër vlak van die goudprys en die depresiasié van die rand teenoor die dollar, in berekening gebring word, het Suid-Afrika se bruto goud- en ander buitelandse reserwes in die eerste nege maande van 1993 met R2,2 miljard gedaal. Hierdie daling het die vlak van die bruto buitelandse reserwes aan die einde van September op R9,0 miljard te staan gebring, wat ongeveer een derde laer was as die hoogtepunt van

R13,2 miljard aan die einde van Augustus 1992. Die vlak van die totale bruto buitelandse reserwes het gevvolglik skerp gedaal van ongeveer agt weke se invoer van goedere en dienste in Augustus 1992 tot slegs vyf weke se invoer in September 1993. In Oktober 1993 het die bruto buitelandse reserwes van die Suid-Afrikaanse Reserwebank egter met R283 miljoen tot R7,1 miljard aan die einde van die maand toegeneem.

### Wisselkoerse

Die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand het van die einde van 1992 tot 12 Oktober 1993 met 12,9 persent gedaal. Vanweë grootskaalse intervensie deur

### Wisselkoerse van die rand



### Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	31 Des '92 tot 31 Mar '93	31 Mar '93 tot 30 Jun '93	30 Jun '93 tot 6 Okt '93	6 Okt '93 tot 18 Nov '93	31 Des '92 tot 18 Nov '93
Geweegde gemiddelde .....	-3,8	-4,8	-4,6	4,6	-8,7
VSA-dollar.....	-3,9	-4,4	-3,9	2,7	-9,3
Britse pond .....	-2,6	-5,3	-4,3	5,4	-6,9
Duitse mark.....	-3,4	-0,1	-7,5	7,9	-4,0
Japanse yen .....	-10,0	-11,9	-4,6	4,0	-22,1
Nederlandse gulden .....	-3,3	-0,4	-7,3	7,7	-4,2
Italiaanse lira .....	5,3	-8,4	-0,5	7,7	2,6

die Reserwebank gedurende die tweede week van Oktober en 'n verbetering in die vlak van die bruto buite-landse reserwes, het die monetêre owerhede daarin geslaag om die afwaartse neiging in die geweegde gemiddelde wisselkoers van die rand te stuit en om te keer: die nominale effektiewe wisselkoers van die rand het van 6 Oktober 1993 tot 18 November met 4,6 persent toegeneem. Hierdie toename het die netto daling in die nominale effektiewe wisselkoers van die rand van die begin van die jaar tot 18 November 1993 op 8,7 persent te staan gebring. Gedurende die eerste agt maande van 1993 het die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand met 6,6 persent gedaal.

Met die merkbare uitsondering van die Italiaanse lira, het die rand van die einde van Desember 1992 tot 18 November 1993 teenoor al die geldeenheid van sy vernaamste handelsvennootlande gedepresieer. Dit het in hierdie tydperk met nie minder nie as 22,1 persent teenoor die Japanse yen gedepresieer. Die wisselkoers van die rand teenoor die VSA-dollar het ook op 6 Oktober 1993 'n rekord laagtepunt van R3,46 per dollar bereik, voordat dit weer op 'nvlak van tussen R3,34 en R3,38 per dollar tot 18 November 1993 gestabiliseer het.

Die voortgesette sterk vraag na Suid-Afrikaanse effekte, die vordering wat met die politieke onderhandelingsproses gemaak is en die opheffing van heelparty van die oorblywende sanksies teen Suid-Afrika deur verskeie lande en internasionale organisasies, het in die eerste tien maande van 1993 'n appresiasie van die finansiële rand van bykans 15 persent tot gevolg gehad. Op 15 Oktober 1993 het die finansiële rand 'n hoogtepunt van R4,0950 per dollar bereik, voordat dit weer op 18 November 1993 tot R4,2653 per dollar gedepresieer het. Die diskonto op die finansiële rand het per saldo aansienlik vernou van 37,2 persent aan die einde van Desember 1992 tot 16,5 persent op 8 Oktober 1993; dit het daarna weer tot 21,1 persent op 18 November 1993 gestyg.

## Finansiële markte

### Geldvoorraad


Die verandering na positiewe en stygende reële ekonomiese groeikoerse gedurende 1993 het aanvanklik met 'n voortgesette afname in die groei van die *omvattend gedefinieerde geldvoorraad (M3)* gepaardgegaan. Die koers van toename in M3 oor tydperke van twaalf maande het van 'n reeds lae 8,0 persent in Desember 1992 tot slegs 1,6 persent in Julie 1993 gedaal; dit het eers daarna matig tot 4,3 persent in September gestyg. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die gemiddelde waarde van M3 (seisoensaangesuiwerd en tot 'n jaarkoers verhef) het eweneens van 8,5 persent in die vierde kwartaal van 1992 tot 0,9 persent in die tweede kwartaal van 1993 gedaal en tot 5,0 persent in die derde kwartaal versnel.

Soos in hierdie omstandighede verwag kon word, het die laer groei in die geldvoorraad met 'n toename in die inkomme-omloopsnelheid van M3 gepaardgegaan: die omloopsnelheid het van die vierde kwartaal van 1992 tot die derde kwartaal van 1993 met ongeveer 10 persent gestyg. Verskeie faktore het tot hierdie skerp toename in die inkomme-omloopsnelheid en die lae koers van toename in M3 bygedra, met inbegrip van:

- Die verbetering in ekonomiese bedrywigheid wat hoofsaaklik deur 'n aansienlike toename in landbouproduksie voorafgegaan is. As gevolg van die reeds baie hoë en stygende vlak van boerderyskuld, het hierdie verbetering in die inkomste van die boere nie 'n proporsionele toename in die vraag na geld teweeggebring nie.
- Die merkbare oorbefondsing van die staat se tekort wat 'n verskuiwing in die deposito's van die private sektor by banke (ingesluit in M3) na die regeringssektor (nie ingesluit in M3 nie) tot gevolg gehad het.
- Die groter buigsaamheid in die gebruik van banke se verbandfasiliteite en die belastingvoordele verbonde aan hierdie fasiliteite, wat baie deposante aangemoedig het om fondse van lopende en spaardeposito's na hul verbandrekening te verskuif.
- Die groot marges tussen deposito- en uitleenkoerse wat verdere disintermediasie teweeggebring het en derhalwe tot 'n styging in die inkomme-omloopsnelheid van M3 en 'n komplementêre afname in die geldvoorraad geleid het.
- Regulatoriese veranderings aan die likwiedebate- en kontantreserwevereistes wat die verkoop van sekere bates van die banke aan die nie-bank private sektor aangemoedig het.

As gevolg van hierdie lae groei in M3, het die *omvattend gedefinieerde geldvoorraad*, wat gedurende 1992 ruim binne die *geldvoorraadriglyne* van 7-10 persent gebly het, in die eerste nege maande van hierdie jaar tot aansienlik laer vlakke as die onderste perk van die nuwe geldvoorraadriglyngrens van 6-9 persent vir 1993 gedaal. Die seisoensaangesuiwerde maandelikse

### Riglyne vir groei in M3




waarde van M3 het aan die einde van September 1993 R203,9 miljard beloop, R2,9 miljard of 1,4 persent laer as die ooreenstemmende onderste perk van die geldvoorraadriglyngrense wat vir 1993 bereken is. Die groei in M3 vanaf die basis van die huidige riglynjaar (die gemiddelde waarde van M3 in die vierde kwartaal van 1992) het in September 1993 'n jaarkoers van slegs 4,3 persent bedra.

Ondanks die lae groei in die geldvoorraad, het die Reserwebank voortgegaan om 'n betreklik beperkende monetêre beleid na te volg en is geen daadwerklike stappe gedoen om die groei in die geldvoorraad tot binne die riglyngrense terug te dwing nie. Die Bank het gebly by sy benadering om monetêre riglyne op 'n diskresionêre wyse toe te pas en nie 'n onbuigsame en oorheersende "geldreël" te aanvaar nie. Die President van die Reserwebank het dan ook onlangs aangekondig dat die Bank hierdie lae groeikoers in M3 aanvaar na inagneming van die onderliggende omstandighede en vanweé die voorrang wat aan die beskerming van die buitelandse reserwes van die land gegee word.

Die koers van toename in die enger monetêre totale het gedurende die eerste sewe maande van 1993 ook aansienlik gedaal. Die koers van toename in M2 oor tydperke van twaalf maande het van 10,8 persent in Desember 1992 tot -0,3 persent in Julie 1993 gedaal, en daarna weer ietwat tot 1,3 persent in September gestyg. Die ooreenstemmende groeikoers in M1 het ook van 17,5 aan die einde van 1992 tot 4,1 persent in Julie 1993

### Monetêre totale



en selfs verder tot 3,6 persent in Augustus gedaal; dit het daarna in September onbeduidend klein geword. Die groeikoers oor twaalf maande in M1A het gedurende 1993 aansienlik gewissel, maar per saldo van 16,2 persent in Desember 1992 tot 12,7 persent in Julie 1993 gedaal; daarna het dit weer in Augustus tot 16,5 persent gestyg en in September tot 6,9 persent afgeneem. Hierdie betreklik hoë koerse van toename in M1A kan aan 'n verskuiwing van langertermyndeposito's na tjeeken transmissiedeposito's toegeskryf word, wat 'n weerspieëeling is van die hoë voorkeur vir meer likwiede beleggings by die private sektor teen 'n agtergrond van

politieke en ekonomiese onsekerheid, asook die laer geleentheidskoste verbonde aan hierdie deposito's te midde van dalende rentekoerse.

Die belangrikste teenhangers (in 'n statistiese of rekeningkundige sin) van die toename van R5,8 miljard in M3 van die einde van Desember 1992 tot aan die einde van September 1993, was toenames van R12,0 miljard in hierdie instellings se netto eise teen die private sektor en R0,9 miljard in hul "netto ander bates". Dit het afnames in die monetêre sektor se netto goud- en ander buitelandse reserwes en netto eise teen die regeringsektor van onderskeidelik R5,7 miljard en R1,4 miljard teengewerk.

### Kredietverlening


Die hoër reële ekonomiese groei en die gepaardgaande styging in reële binnelandse vraag in die eerste nege maande van 1993 is nie deur die toename in reële kredietverlening deur die monetêre sektor gefinansier nie. Die toename in *totale nominale binnelandse kredietverlening* deur monetêre instellings het trouens van 10,4 persent in Desember 1992 tot 6,7 persent in Mei 1993 afgeneem, voordat dit tot 9,6 persent in September gestyg het.

Die groeikoers oor twaalf maande in die *kredietverlening aan die binnelandse private sektor* deur monetêre instellings het ook van 8,7 persent in Desember 1992 tot 5,7 persent in Mei 1993 gedaal en daarná in September effens tot 8,6 persent versnel; dit het dus ruim onder die inflasiekoers gebly. Hierdie betreklik lae groei in eise teen die private sektor was hoofsaaklik die gevolg van die lae vlak van ekonomiese bedrywigheid wat nog in die land heers, die betreklik hoë kredietkoste, regulatoriese veranderings en disintermediasieprakteke.

'n Ontleding volgens die soort krediet van die monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor toon aan dat die lae groei in hierdie kredietverlening gedurende die eerste nege maande van 1993 hoofsaaklik aan die betreklik lae koers van toename in bruikhuurfinansiering en in "ander lenings en voorskotte" (insluitend oortrokke rekeninge) te wye was. Die groeikoers oor twaalf maande in bruikhuurfinansiering het merkbaar van 9,6 persent in Desember 1992 tot slegs 2,2 persent in Junie 1993 gekrimp; daarná het dit tot 6,0 persent in September gestyg. Die ooreenstemmende groeikoers in "ander lenings en voorskotte" het ook verder van 'n reeds lae vlak van 0,9 persent in Desember 1992 tot negatiewe vlakke regdeur die eerste ses maande van 1993 afgeneem, maar weer tot 'n positiewe 5,4 persent in September gestyg.

In teenstelling met hierdie ontwikkelinge het die groeikoers oor twaalf maande in afbetelingsverkoopkrediet aansienlik van slegs 1,5 persent in Desember 1992 tot 11,4 persent in Junie en selfs verder tot 14,3 persent in September toegeneem. Hierdie skerp versnelling in afbetelingsverkoopkrediet hou verband met vooruit-aankope in afwagting van 'n styging in die koers van belasting op toegevoegde waarde, 'n styging in die aankope van nuwe motorvoertuie en 'n toename in kleinhandelsverkope in die derde kwartaal van 1993.

### Kredietverlening aan die private sektor



Vanweë die voordele van die buigsaamheid van sommige verbandskemas waarna reeds verwys is en die banke se daadwerklike bevordering van hierdie kredietfasilitet weens die laer kapitaalvereistes wat op sulke voorskotte van toepassing is, het die vraag na verbandfinansiering in die eerste nege maande van 1993 lewendig gebly. Die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte het naamlik van 'n betreklik hoë vlak van 17,3 persent in Desember 1992 tot 17,5 persent in Junie 1993 en tot 18,2 persent in September gestyg.

### Geldmarktoestande en Reserwebankoptrede in die geldmark

Geldmarktoestande het gedurende die eerste nege maande van 1993 betreklik stram gebly, maar in Oktober

het dit aansienlik verruim. Die gemiddelde daaglikskevlak van akkommmodasie by die diskontovenster het van R3,2 miljard in Desember 1992 tot R5,6 miljard in April 1993 toegeneem. Hoewel die vlak van akkommmodasie daarná in Julie 1993 tot R2,8 miljard teruggesak het, het dit nie 'n verruiming van geldmarktoestande weerspieël nie; onder die nuwe stelsel van akkommmodasie wat op 1 Mei 1993 deur die Reserwebank ingestel is, het die geldmarktekort slegs na 'n laer, maar steeds beperkende vlak beweeg. In Augustus en September het die gemiddelde daaglikskevlak van akkommmodasie weer tot ietwat meer as R3 miljard toegeneem, maar daarná tot R2,6 miljard in Oktober 1993 afgeneem.

Die betreklike stram geldmarktoestande wat gedurende die eerste nege maande van 1993 geheers het, word ook deur die bedrag aan akkommmodasie soos op maandeindes weerspieël, wat van R3,8 miljard aan die einde van Desember 1992 tot R5,4 miljard aan die einde van April 1993 toegeneem het; ná die implementering van die nuwe stelsel van akkommmodasie het dit gedaal en aan die einde van Oktober 1993 R4,2 miljard beloop.

Hierdie stram geldmarktoestande gedurende die eerste nege maande van 1993 kan hoofsaaklik aan 'n afname in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank en 'n aansienlike toename in regeringsdeposito's by die Reserwebank toegeskryf word. Hierdie invloede is in 'n sekere mate sedert Mei 1993 deur die afname in die reserwesaldo's van banke by die Reserwebank teengewerp.

Die optrede van die Reserwebank in die geldmark gedurende die eerste nege maande van 1993 was hoofsaaklik daarop gerig om geldmarktoestande te verruim. Dit is bereik deur die vermindering van die minimum kontantreserwevereiste waaraan banke moet voldoen, deur middel van terugkoopooreenkomste en deur die oordrag van fondse van die Skatkis- en Betaalmeester-generaalrekening by die Reserwebank na banke as 'n tussentydse maatreel in afgawting van die instelling van die voorgestelde stelsel van Belasting- en Leningsrekenings. Aan die einde van September 1993 het die fondse van die regering wat by banke geplaas is, op R6,0 miljard te staan gekom. Ondanks hierdie bewegings van regeringsfondse, het regeringsdeposito's by die Reserwebank nogtans gedurende die eerste nege maande van 1993 met R1,1 miljard toegeneem.

Benewens die verligting van betreklike stram geldmarktoestande, het die monetêre owerhede ook korttermynfluktusies geneutraliseer deur aanpassings in die bateportefeuille van die Korporasie vir Openbare Deposito's te maak. Hierdie aanpassings het per saldo ook van die einde van Desember 1992 tot September 1993 'n verruimende invloed van ongeveer R2,3 miljard op die geldmarktoestande gehad.

In 'n verdere poging om strukturele probleme van banke uit testryk wat in 'n groot mate by die verhandeling van sekuriteite betrokke is en om betreklike stram geldmarktoestande ietwat te verlig, het die

Reserwebank op 4 Augustus 1993 'n verdere verlaging in die banke se minimum kontantreserwevereiste aangekondig en banke toegelaat om hul verpligte vir doeleindes van die berekening van die kontantreserwevereistes te verminder deur interbankdeposito's en sekere terugkoopooreenkomste af te trek. Hierdie veranderings het die totale minimum kontantreserwevereiste vir alle banke met ongeveer R1,2 miljard verlaag, maar die uitwerking op die geldmarktekort was aansienlik kleiner as gevolg van die betreklike groot hoeveelhede kluiskontant by sekere banke, wat nie in dieselfde verhouding afgeneem het nie.

Die verruiming in geldmarktoestande in Oktober 1993 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n aansienlike afname in regeringsdeposito's by die Reserwebank, 'n toename in die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank en 'n afname in banknote in omloop. Gedurende hierdie maand het die Reserwebank geldmarktoestande vernou deur middel van 'n omgekeerde terugkoopooreenkomst van R580 miljoen en deur die Tesourie te versoek om R500 miljoen van die regering se deposito's by private banke na die Reserwebank terug te verskuif. Die Reserwebank het egter teen die einde van Oktober R300 miljoen van hierdie regeringsfondse weer aan die banke oorgedra.

Bruto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank in die eerste tien maande van 1993 het R151 miljard beloop, vergeleke met R95 miljard in die ooreenstemmende tydperk in 1992 en R112 miljard vir 1992 in die geheel. Die netto verkope van staatseffekte deur die Reserwebank het gedurende die eerste tien maande van 1993 op R11,9 miljard te staan gekom; in die ooreenstemmende tydperk in 1992 het sodanige netto verkope in totaal R13,7 miljard beloop. Die Reserwebank se handel in opsies op staatseffekte, wat van 'n maandelikse gemiddelde van R2,0 miljard in 1991 tot R5,2 miljard in 1992 gestyg het, het in die eerste tien maande van 1993 op hierdie vlak gebly.


#### Geldmarkrentekoerse

Die algemeen afwaartse neiging in geldmarkrentekoerse, wat reeds aan die begin van 1990 'n aanvang geneem het, het gedurende die eerste tien maande van 1993 voortgeduur, maar teen 'n aansienlik stadiger tempo as in 1992. Die dalende neiging in geldmarkkoerse sedert die middel van 1992 was hoofsaaklik gebaseer op verwagte afwaartse aanpassings in die Bankkoers te midde van 'n lae vraag na fondse. Dit word duidelik deur die verwantskap tussen die koers op interbankdaggeld en die vlak van akkommmodasie by die diskontovenster weerspieël. Soos in die bygaande grafiek aangetoon word, was veranderings in die koers op interbankdaggeld en veranderings in die vlak van akkommmodasie dikwels positief gekorreleer. Hierdie verwantskap het egter sedert die tweede helfte van 1992 verander toe die vlak van akkommmodasie skerp begin toeneem het, terwyl die maandelikse gemiddelde koers op interbankdaggeld verder afgeneem het. Die hoër vlak van akkommmodasie

### Akkommadasie en interbankdaggeldkoers



### Korttermynrentekoerse



was in die omstandigheids waarskynlik deur die banke as slegs 'n tydelike ontwikkeling beskou en hulle het nog steeds 'n verlaging in die Bankkoers verwag.

Die gewaarwordinge in die mark dat verdere verlagings in die Bankkoers op hande is, het verander nadat die Bankkoers in Februarie 1993 verlaag is en dit duidelik geword het dat die netto buitelandse reserwes weer eens na ongemaklik lae vlakte gedaal het. Die koers op interbankdeposito's het derhalwe in die daaropvolgende maande bestendiger geraak en rondom 11 persent gewissel. Die koers op interbankdaggeld het eers ná die verlaging in die Bankkoers op 28 Oktober 1993 met een persentasiepunt van 13 tot 12 persent te midde van ruimer toestande op die geldmark, tot 9,80 persent aan die einde van Oktober afgeneem.

Die meeste ander geldmarkrentekoerse het gedurende 1993 min of meer dieselfde verloop getoon. Die koers op bankaksepte van drie maande het byvoorbeeld van 11,80 persent aan die einde van Februarie 1993 tot 12,30 persent aan die einde van April toegeneem, voordat dit weer tot 11,50 persent aan die einde van September gedaal het; dit het daarna tot 10,50 persent aan die einde van Oktober geval. Die tenderkoers op skatkiswissels van drie maande het van 11,32 persent aan die einde van Februarie 1993 tot 11,02 persent aan die einde van April gedaal en daarna tot 11,90 persent aan die einde van Mei gestyg; dit het daarna tot 10,42 persent aan die einde van Oktober 1993 afgeneem.


Die primakoers op oortrekings by banke is (na aanleiding van die verlagings in die Bankkoers) van 17,25 tot 16,25 persent met effektiewe datums wat gewissel

het tussen 15 Februarie en 2 Maart 1993 by die verskillende banke en verder tot 15,25 persent vanaf 1 November 1993 verlaag. Die inflasie-aangepaste of reële primakoers op oortrekings het van 7,0 persent in Desember 1992 tot 4,7 persent in April 1993 afgeneem vanweë die daling in die nominale koers en 'n effense toename in die inflasiekoers soos gemeet deur veranderings in die verbruikersprysindeks gedurende hierdie tydperk. Die reële primakoers het daná tot 6,6 persent in September 1993 toegeneem nadat die gemete inflasiekoers afgeneem het.


### Kapitaalmarkbedrywigheid

Die eerste tien maande van 1993 is deurlopend gekenmerk deur lewendige bedrywigheid in die sekondêre kapitaalmarkte. Die waarde van die effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het afgeneem van R168 miljard in die eerste kwartaal van 1993 tot 'n steeds hoëvlak van R143 miljard in die tweede kwartaal van 1993 as gevolg van 'n groot aantal openbare vakansiedae waarop geen handelsbedrywigheid plaasgevind het nie en 'n styging in opbrengskoerse. Die voortgesette daling in langtermynrentekoerse het voortgespruit uit die traie ekonomiese groei, laer inflasieverwagtinge en verhoogde netto aankope van effekte deur nie-inwoners, wat die waarde van verhandelde effekte van die openbare sektor in die derde kwartaal van 1993 skerp tot R206 miljard laat styg het. Die verdere daling in die opbrengskoers op langtermyn-effekte in Oktober het veroorsaak dat die handelsbedrywigheid tot 'n rekord maandelikse hoogte-

## Effektebeurstransaksies



## Aandelepryse



punt van R90,6 miljard toegeneem het vergeleke met R85,3 miljard in September 1993.


Skerp toenames in die waarde van aandele wat in die eerste twee kwartale van 1993 op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, is in die derde kwartaal deur nog 'n effense verbetering gevvolg. Die hoér gemiddeldevlak van die goudprys en die afwaartse beweging in korttermynrentekoerse het aansienlike ondersteuning aan die aandelemark verleen. Die omset van aandele, wat van R5,4 miljard in die vierde kwartaal van 1992 tot R10,8 miljard in die tweede kwartaal van 1993 toegeneem het, het in die derde kwartaal voorts tot R11,3 miljard gestyg. Hierdie toename was hoofsaaklik die gevolg van die aansienlik hoér goudprys in die eerste deel van die derde kwartaal en die gepaardgaande hoë hoeveelheid goudaandele wat verhandel is, sowel as 'n wysiging in die Wet op Beheer van Effektebeurse in Julie 1993 wat lede van die Johannesburgse Effektebeurs wat afgeleide instrumente verhandel, toelaat om hul posisies in die kontantmark vir aandele te verskans. Die daaropvolgende afname in die goudprys het bygedra tot 'n effense afname in die waarde van aandele wat verhandel is van 'n gemiddelde maandelikse waarde van R3,8 miljard in die voorafgaande drie maande tot R3,6 miljard in Oktober.

Aandelepryse het in Julie 1993 'n rekord maandelikse gemiddelde hoogtepunt bereik, maar daarnaá het dit in die volgende twee maande gedaal voordat dit in Oktober weer ietwat herstel het. 'n Toename in die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele van 34,6 persent van November 1992 tot Julie 1993 is deur 'n

daling van 6,7 persent tot September 1993 gevolg. Die skerp ommeswaai in die goudprys op die wêreldmark in Augustus, swakker internasionale dollarpryse van grondstowwe wat verband hou met die traie internasionale ekonomiese herstel, en onsekerheid op die plaaslike aandelemark wat toegeskryf kan word aan die teleurstellende finansiële resultate, het 'n betekenisvolle afname in die prys van mynaandele en nywerheids- en handelsaandele meegebring. Die verbetering in die goudprys teen die einde van Oktober 1993 en hernieuwe belangstelling in goud- en nywerheidsaandele het egter tot 'n klein toename van 1,5 persent in die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse van aandele geleid.

Nie-inwoners se netto aankope van effekte van die openbare sektor het in die eerste nege maande van 1993 R1,2 miljard bedra, waarvan ongeveer 50 persent in die derde kwartaal van die jaar plaasgevind het. Hoewel nie-inwoners in die eerste twee kwartale van 1993 ook netto aankopers van aandele ten bedrae van R1,2 en R1,0 miljard was, het hulle in die derde kwartaal netto verkopers van aandele tot 'n bedrag van R0,1 miljard geword. Totale netto aankope van sekuriteite deur nie-inwoners het gevoldiglik van R1,4 miljard in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1993 tot slegs R0,5 miljard in die derde kwartaal afgeneem. Die oproep om die opheffing van die oorblywende sanksies teen Suid-Afrika het in Oktober 'n hernieuwe belangstelling in effekte en aandele by nie-inwoners meegebring. Nie-inwoners se netto aankope van sekuriteite het in hierdie maand gevoldiglik tot R0,5 miljard toegeneem, vergeleke met 'n maandelikse gemiddelde waarde van R0,2 miljard in die

### Johannesburgse Effektebeurs: Netto aankope deur nie-inwoners



voorafgaande drie maande.

In die primêre kapitaalmark het netto nuwe lenings deur die openbare sektor deur uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite in die derde kwartaal van 1993 skerp teruggeval tot R4,7 miljard, nadat R11,3 miljard van die geskatte leningsbehoefte van die openbare sektor in die eerste kwartaal van die fiskale jaar befonds is. Dit het die netto nuwe uitgifte van die effekte van die openbare sektor in die eerste helfte van die fiskale jaar op R16,0 miljard te staan gebring, teenoor R8,7 miljard in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande fiskale jaar.

Geen nuwe uitgifte van vaste-rentedraende sekuriteite (met inbegrip van omskepbare voorkeuraandele en maatskappye-obligasies) deur genoteerde maatskappye in die private sektor het in die tweede kwartaal van 1993 voorgekom nie. Die waarde van regte-uitgifte van gewone aandele deur genoteerde maatskappye in die private sektor het egter van R0,3 miljard in die tweede kwartaal van 1993 tot R2,0 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Maatskappye het aandelekapitaalfondse deur regte-uitgifte bekom, hoofsaaklik ten einde skuld af te los en in sekere gevalle om ontbondeling te vergeomelik. Die betreklik hoë aandelepryse en die sterk vraag na goeie gehalte papier, het uitgifte van aandelekapitaal vir sowel uitreikers as beleggers aantreklik gemaak.

In die verbandmark het die bevordering van buigsame verbandfasilitete tot gevolg gehad dat banke in die eerste nege maande 'n gemiddelde maandelikse bedrag van R3,2 miljard aan verbandlenings uitbetaal het. Die gebrek aan 'n vraag na krediet het banke genoop om gunstige voorwaardes aan te bied om aansoeke vir

huisverbande aantreklik te maak. Hierdie aansporings en hewige mededinging in die huisverbandmark, het die winsgewendheid van verbandvoorskotte nadelig beïnvloed. Sekere banke het derhalwe gedurende September aangekondig dat hulle nie langer verbandregistrasiekoste en waardasiefoue sal dra nie.

Die waarde van *transaksies in vaste eiendom* het effens herstel van R5,6 miljard in die tweede kwartaal van 1993 tot R5,9 miljard in die derde kwartaal. Die mark vir vaste eiendom was nietemin gekenmerk deur 'n ooraanbod van handelseiendom en 'n betreklik stagnante huismark.

Die bedrywigheid in die *afgeleide markte* het in die eerste drie kwartale van 1993 aansienlik toegeneem. Handel in aandele-indekse, wat verreweg die grootste deel van die waarde van *termynkontrakte* verteenwoordig, is gunstig beïnvloed deur die onbestendige goudprys, verminderde verhandelingsfoue op die Suid-Afrikaanse Termynbeurs en toenemende onsekerheid oor die toekomstige rigting van aandelepryse. Die onderliggende waarde van transaksies in termynkontrakte het in die eerste nege maande van 1993 tot 'n kwartaallike gemiddelde van R22,1 miljard gestyg, vergeleke met R11,8 miljard in die ooreenstemmende tydperk van 1992. Die hoë gemiddelde maandelikse transaksies in termynkontrakte van R8,3 miljard in die derde kwartaal van 1993 het daarna in Oktober matig tot R6,9 miljard verlangsaam. Die waarde van handel in *opsies* op indekstermynkontrakte het van 'n maandelikse gemiddelde bedrag van R103 miljoen en R305 miljoen in die eerste twee kwartale van 1993 tot R343 miljoen in die derde kwartaal toegeneem. In Oktober 1993 het die waarde van die handel in opsies op indekstermynkontrakte egter ietwat tot R206 miljoen gedaal. Hoewel die Johannesburgse Effektebeurs se *Verhandelbare Opsiemark* oop gebly het, het geen bedrywigheid in Oktober plaasgevind nie nadat dit vanaf Maart 1993 heeltemal weggeval het.


#### Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op *langtermynstaatseffekte*, wat opwaarts beweeg het van 13,9 persent in Oktober 1992 tot 15,0 persent in April 1993, het in die daaropvolgende maande weer skerp tot 13,1 persent in Oktober 1993 gedaal. Die maandelikse gemiddelde *reële* opbrengskoers op staatseffekte het egter van 3,6 persent in April 1993 tot 3,9 persent in September toegeneem vanweë die laer gemete inflasiekoers.

Die banke se *oorheersende koers op huisverbandlenings* is na die verlaging in die Bankkoers op 28 Oktober 1993 met ingang 1 November 1993 met 0,75 persentasiepunte tot 15,25 persent verminder. Die koers op huisverbandlenings is derhalwe nou reeds met 1,5 persentasiepunte sedert die begin van 1993 en met 4,75 persentasiepunte sedert die begin van 1992 verlaag.

Die *rentekoers op deposito's van twaalf maande* is van 15,5 persent aan die begin van 1992 tot 12,0


### Marge tussen prima-oortrekkingskoers en koers op vaste deposito's van twaalf maande



percent in Desember en verder tot 11,0 percent in Februarie 1993 verlaag. Sonder 'n gepaardgaande verhoging in die koers op huisverbandlenings, het sommige banke die koers op deposito's van twaalf maande in April weer tot 12,0 percent verhoog, terwyl ander hulle teen die middel van Mei gevolg het. Die koers op deposito's van twaalf maande is in November 1993 weer tot 11,0 percent verlaag. Omdat die verrekeningsbanke se oorheersende primakoers op oortrokke rekeninge gedurende November in dieselfde mate gedaal het, het die marge tussen die koers op deposito's van twaalf maande en die banke se oorheersende primakoers op oortrokke rekeninge op 4,25 persentasiepunte gebly.

Die betekenisvolle afname in die gemiddelde vlak van aandelepryse van Augustus tot Oktober 1993, het geleid tot 'n verstewiging van die gemiddelde dividendopbrengskoers van 2,75 percent in Julie tot 2,95 percent in Oktober. As 'n weerspieëeling van 'n verswakking in die finansiële resultate van genoteerde maatskappye, het die gemiddelde verdienste-opbrengskoers op aandele (uitgesonderd goudmynaandele) in Augustus 1993 effens afgeneem, voordat dit in Oktober tot 6,95 percent verstewig het. Hoewel die prys-verdiensteverhouding van alle klasse van aandele (uitgesonderd goudmynaandele) in Oktober 1993 effens tot 14,4 afgeneem het,

### Opbrengskoers en verhouding op maatskappy-aandele\*



is dit steeds 'n aanduiding van die hoë vlak van aandelepryse indien dit met die rekord hoogtepunt van 18,6 in September 1987 vergelyk word.

Die meeste langertermynrentekoerse wat amptelik bepaal word, is gedurende die eerste tien maande van 1993 verlaag. In die jongste tyd is slegs die standaard- en die voorgeskrewe rentekoers verlaag. Die standaardrentekoers van toepassing op lenings deur die Staat uit die Staatsinkomstefonds, (Skatkiswet Wet no. 66 van 1975) is van 15,5 tot 15,0 percent op 1 Julie 1993, tot 14,75 percent op 1 Augustus 1993 en daná tot 13,5 percent op 1 November 1993 verlaag. Nadat dit sedert 1 Julie 1989 onveranderd gebly het, is die voorgeskrewe rentekoers vir rente op sekere vonnisskulde met ingang van 1 Oktober 1993 met 3 persentasiepunte tot 15,5 percent verlaag.

## Openbare finansies

### Leningsbehoefte van die openbare sektor


Die *leningsbehoefte van die openbare sektor* (dit wil sê die tekort voor lenings van die gekonsolideerde Sentrale Regering, provinsiale administrasies, plaaslike owerhede en die nie-finansiële openbare onderneemings) het in die tweede kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 R5,8 miljard (6,1 persent van die bruto binnelandse produk) bedra. In die ooreenstemmende kwartaal van die fiskale jaar 1992/93 het die openbare sektor 'n leningsbehoefte van R10,3 miljard gehad. Die tekort in die tweede kwartaal het die leningsbehoefte in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 op R13,3 miljard te staan gebring (7,3 persent van die bruto binnelandse produk); dit was aansienlik minder as die leningsbehoefte van die openbare sektor van R16,7 miljard, of 10,3 persent van die bruto binnelandse produk, in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93.

Hierdie verbetering in die leningsbehoefte van die openbare sektor was gedeeltelik te danke aan die toename in die oorskot op die rekeninge van die *nie-finansiële openbare onderneemings*: vanweë kostebesnoeiings en ander rasionalisasieprogramme wat deur hierdie ondernemings gevvolg is, het die klein oorskot van R0,1 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 tot R0,4 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 gestyg. Nog belangriker is egter dat die leningsbehoefte van die *algemene owerheid* oor dieselfde tydperk van R16,8 miljard tot R13,7 miljard verminder het. In verhouding tot die bruto binnelandse produk was die leningsbehoefte van die algemene owerheid van 7,5 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 ook aansienlik laer as die 10,4 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar.

'n Aansienlike verlaging in oordragte was op hul beurt in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 verantwoordelik vir die laer leningsbehoefte van die algemene owerheid; in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar is groot buitengewone oordragte van R3,8 miljard na die Goud-en-buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreserwerekening en R2,0 miljard na die staatsdienspensioenfondse gemaak. As hierdie twee oordragte nie in berekening gebring word nie, was die leningsbehoefte van die algemene owerheid in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 23,9 persent hoër as in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93.

Die verdere styging in die leningsbehoefte van die algemene owerheid (met uitsluiting van die buitengewone oordragte) is aangeteken ondanks 'n skerp toename in die lopende inkomste van die algemene owerheid. Die gunstiger ontwikkelinge in owerheidsinkomste is egter teengewerp deur die voortgesette skerp toename in besteding aan goedere en dienste en in die besonder deur 'n aansienlike toename in rentebetralings op

### Leningsbehoefte van die openbare sektor as persentasie van bruto binnelandse produk




staatskuld. Rentebetralings op die openbare skuld het van R8,8 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 tot R11,2 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 gestyg, of met nie minder nie as 27,3 persent.

### Skatkisrekening

Die toename in rentebetralings was verantwoordelik vir 'n versnelling in die koers van toename van jaar tot jaar in *skatkisuitreikings* aan staatsdepartemente (ná die

### Rente op staatskuld as persentasie van bruto binnelandse produk




gebruiklike aansuiwering vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) van 12,7 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 tot 17,1 persent in die tweede kwartaal. Gemaat oor 'n tydperk van twaalf maande, het die koers van toename in skatkisuitrekings in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 op 15,0 persent te staan gekom, wat heelwat hoër is as die begrote 8,8 persent vir die jaar in die geheel.

Hierdie koers van toename van jaar tot jaar in skatkisuitrekings aan staatsdepartemente gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 was nietemin onder die gemiddelde koers van toename van jaar tot jaar van 16,9 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande vyf fiskale jare. In verhouding tot die bruto binnelandse produk het skatkisuitrekings aan staatsdepartemente in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 31,5 persent beloop, vergeleke met 'n gemiddelde koers van 28,3 persent in die eerste helfte van die voorafgaande vyf fiskale jare. Indien skatkisuitrekings in Oktober ook in aanmerking geneem word, het die koers van toename van jaar tot jaar vir die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1993/94 op 12,8 persent te staan gekom.

Die koers van toename van jaar tot jaar in *skatkisontvangste* (uitgesonderd die opbrengs uit privatisering) het van 13,0 persent in die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1993/94 tot 17,1 persent in die tweede kwartaal toegeneem. Dit het die toename in die eerste helfte van die jaar op 15,3 persent bo die vlak in die eerste helfte van die fiskale jaar 1992/93 te staan gebring; in die Begroting is voorsiening gemaak vir 'n toename van 17,3 persent vir die fiskale jaar in die geheel. Die koers van toename in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 kan ook vergelyk word met 'n gemiddelde koers van toename van jaar tot jaar van 15,9 persent vir die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande vyf fiskale jare.


Indien skatkisontvangste gedurende Oktober ook in berekening gebring word, het die koers van toename van jaar tot jaar vir die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1993/94 16,2 persent bedra. Die swakker resultate van skatkisontvangste was geheel en al te wyte aan die lae koers van toename in die ontvangste op inkomstebelasting: in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1993/94 was hierdie ontvangste slegs 4,9 persent bo hulle vlak in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande jaar, terwyl vir 'n toename van 11,6 persent vir die fiskale jaar in die geheel begroot is. Die ontvangste op inkomstebelasting van maatskappye het in die besonder gedurende die eerste ses maande van die fiskale jaar 1993/94 'n afname getoon indien dit met die eerste ses maande van die fiskale jaar 1992/93 vergelyk word, terwyl die Begroting vir 'n klein styging voorsiening gemaak het. Hierdie teleurstellende gedrag van die ontvangste op inkomstebelasting van maatskappye het waarskynlik verband gehou met die laer winste in die algemeen swak ekonomiese toestande en die sloering in

### Begrote en werklike inkomste



die invordering van die nuut-ingestelde belasting op uitgekeerde winste. Die opbrengs uit inkomstebelasting van individue was in die eerste ses maande ook laer as

### Tekort voor lenings



wat in die Begroting voorsien is, waarskynlik as gevolg van die laer-as-verwagte salaris- en loonverhogings en die voortgesette afdanking van werkers.

Die groeikoers van jaar tot jaar van bykans al die ander hoofgroep van staatsinkomste het in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1993/94 beter gevaaar as wat vir die jaar in die geheel begroot is. Groot toenames is veral aangeteken in die inkomste uit doeaneregte en die bo-belasting op invoer as gevolg van 'n skerp styging in die waarde van goedere-invoer ná die devaluasie van die rand teenoor die meeste van die belangrikste geldeenheede. Aksynsregte het ook bo verwagting presteer, grotendeels omdat die waarde en hoeveelheid van motorverkope hoër was as wat verwag is. Ná 'n redelike swak vertoning in die eerste kwartaal van dié fiskale jaar, het die opbrengste uit belasting op toegevoegde waarde in die tweede kwartaal skerp gestyg; 'n koers van toename van jaar tot jaar van 50,1 persent is in die eerste helfte van die fiskale jaar 1993/94 aangeteken, vergeleke met 'n koers van 43,1 persent wat vir die jaar in die geheel begroot is.

Die tekort op die skatkisrekening voor lenings en skuldaflossing het in die eerste helfte van 1993/94 R15 048 miljoen beloop, of 58 persent van die begrote tekort vir die jaar in die geheel. In verhouding tot die bruto binnelandse produk, het die skatkistekort voor lenings 8,2 persent bedra, dit is presies gelyk aan die koers in die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar en hoër as die geraamde koers van 7,0 persent vir die jaar in die geheel.

Hierdie tekort van R15 048 miljoen plus die diskonto

### Finansiering van die skatkistekort vir die eerste ses maande van die fiskale jaar 1993/94 volgens sektor

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissarisse .....	7 508
Nie-monetêre private sektor .....	13 655
Monetêre instellings .....	-3 542
Korporasie vir Openbare Deposito's ..	-784
Ander monetêre instellings .....	-2 758
Buitelandse sektor .....	-207
 Totale bruto finansiering .....	17 414
Min: Diskonto op nuwe uitgifte van staatseffekte .....	2 366
 Totale netto finansiering .....	15 048

op nuwe uitgiftes van staatseffekte van R2 366 miljoen is ten volle gefinansier deur fondse wat van die Openbare Beleggingskommissarisse en die nie-monetêre private sektor verkry is. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, is groot netto terugbetalings op die staatskuld gedurende die eerste ses maande van die fiskale jaar 1993/94 aan monetêre instellings en die buitelandse sektor gemaak.

Die volgende skuldinstrumente is in die finansiering van die skatkistekort van R16 063 miljoen vir die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1993/94 gebruik:

	R miljoene
Staatseffekte (insluitende diskonto) .....	26 811
Skatkiswissels .....	-206
Buitelandse lenings .....	-120
Nie-bemarkbare sekuriteite .....	-127
Toename in beskikbare kontantsaldo's .....	-7 867
Totalle finansiering .....	18 491
Min: Diskonto op nuwe staatseffekte .....	2 428
 Totale netto finansiering .....	16 063

Die tekort op die skatkisrekening voor lenings en skuldaflossing plus die diskonto op nuwe staatseffekte en 'n oorbefondsing, het geleei tot 'n styging in die staatskuld van R154,7 miljard aan die einde van die fiskale jaar 1992/93 tot R181,0 miljard aan die einde van Oktober 1993. In verhouding tot die bruto binnelandse produk is die staatskuld nou ongeveer 51 persent.

# **Verklaring oor die Bankkoers**

**Uitgereik deur dr C.L. Stals, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank**

**27 Oktober 1993**

Die Reserwebank wag nou reeds vir 'n geruime tyd vir 'n geleentheid om die Bankkoers, dit wil sê die koers waarteen die Bank bereid is om akkommodasie aan banke te verleen, te verlaag.

Die volgende onlangse verwikkellings ondersteun 'n daling in rentekoerse in die algemeen:

- die verdere verlangsaming in die koerse van toename van beide die produksieprysindeks (tot 5,9 persent vir die twaalf maande tot Augustus 1993) en die verbruikersprysindeks (tot 9,1 persent vir die twaalf maande tot September 1993);
- die betreklik lae koers van toename van slegs 4,3 persent in die M3-geldvoorraad vir die twaalf maande tot Augustus 1993. M3 het vergeleke met die gemiddelde vlak van die geldvoorraad in die vierde kwartaal van 1992, gedurende die eerste agt maande van 1993 teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs 3,03 persent gestyg;
- die lae vraag na krediet soos weerspieël in 'n stygging van slegs 8,7 persent in die totale bedrag van bankkrediet verleen aan die privaatsektor vir die twaalf maande tot Augustus 1993;
- 'n daling in die gemiddelde daaglikske bedrag aan akkommodasie wat aan banke by die Reserwebank se diskontovenster verleen is vanaf R3,1 miljard gedurende September 1993 tot R2,3 miljard gedurende die eerste ses-en-twintig dae van Oktober 1993;
- 'n mate van verligting van die druk op die Reserwebank se netto goud- en buitelandse valutareserves wat gedurende sekere onlangse weke selfs gestyg het. Gedurende die afgelope paar dae, toe die Amerikaanse dollar redelik sterk teenoor ander geldeenheide geappresieer en maandeinde-betalings aan die buiteland gestyg het, is toenames in die reserves weer tot dalings omskep. Die lae vlak van buitelandse reserves maan steeds tot versigtigheid; en
- die onlangse verlaging in rentekoerse in 'n aantal Europese lande, wat reële rentekoerse in Suid-Afrika hoog gemaak het vergeleke met soortgelyke koerse in die nywerheidslande.

September 1993 tot 13,22 persent op 26 Oktober verleen verdere ondersteuning aan die siening dat 'n laer inflasiekoeur op 'n permanente basis nou deur die markte aanvaar word.

Hoewel die Reserwebank besorg bly oor die lae vlak van die buitelandse reserves, is nietemin besluit om die Bankkoers vanaf mōre, 28 Oktober 1993, vanaf 13 persent tot 12 persent per jaar te verlaag. Hierdie stap word gedoen in die hoop dat Suid-Afrika se verhouding met die Internasionale Monetēre Fonds in die nabije toekoms ten volle genormaliseer sal word en dat die Reserwebank weer toegang sal hê tot daardie IMF-betalingsbalansfasilitete waarop die land van tyd tot tyd aanspraak kan maak.

Geen ander rentekoerse in die mark is outomaties aan die Bankkoers gekoppel nie, maar die laer koste van sentralebankakkommodasie aan banke behoort die weg te baan vir 'n verlaging in die meeste van die banke se uitleenkoerse. Elke bank sal egter vry wees om sy eie besluit in hierdie verband te neem.

Hierdie neigings in die markte is alreeds in dalings in sommige rentekoerse weerspieël, byvoorbeeld in die koers vir interbanklenings wat vanaf 11,60 persent op 1 September 1993 tot 10,50 persent gister gedaal het. 'n Daling van 0,6 persentasiepunte in die opbrengs op langtermyn-staatseffekte van 13,81 persent op 4